

21 Desember

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 3:14-4:5
Fokusgedeelte: 1 Timoteus 3:15b,16**

Verkondig die Woord

Is dit die kerk se verantwoordelikheid om die moderne mens te vermaak deur konserte en partytjies te reël of televisieprogramme aan te bied?

Nee, die kerk van Christus moet die Woord van God eenvoudig en verstaanbaar aan al die lidmate, groot en klein, verkondig. God se Woord moet in die omstandighede van elke dag “praat”: in ons hartseer, pyn, vrese, kommer, vreugde en lag, ja... in ons hele menswees.

Ons is almal deel van die kerk van die Here en as lidmate is ons draers en beskermers van die waarheid. Ons moet die suiwer leer verdedig, verkondig en uitdra. die waarheid is Christus. In vers 16 word die geopenbaarde waarheid beskryf en dit draai alles om die koms, werk en hemelvaart van Christus. Ons moet die vleesgeworde Woord uitdra na alle mense toe en die goeie nuus van die redding in Christus uitbasuin sodat almal dit kan hoor.

In die tyd waarin ons leef, sien ons dikwels hoe die waarheid verdraai word. Mense wat skynheilige leuenaars is en wie se gewete toegeskroei is, verkondig valshede asof dit in God se Woord staan (vers 2). Pas op daarvoor! In 2 Timoteus 3:14 word Timoteus opgeroep om te bly by wat hy geleer het. Dit is die heilige Skrif. Daarom beveel Paulus vir Timoteus in hoofstuk 3:14: “Totdat ek kom, moet jy jou daarop toelê om uit die Skrif voor te lees, te preek en onderrig te gee”. Dit is die werk van die kerk om die lewende Woord te verkondig en toe te pas op al ons lewensomstandighede.

Die Bybel is die lig op jou pad en die lamp vir jou voet. Vandag maak die Here dit jou verantwoordelikheid om die Woord uit te dra aan diegene wat Hy op jou pad plaas.

Sing: Psalm 119:7,39

Ds W Vogel (Welkom)